

Maandag 4 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 8:1-17

Fokusgedeelte: Romeine 8:1-3

Jubel oor jou vryspraak in Christus!

As gelowige sien jy hoe God in hierdie tyd met 'n proses van finale sifting besig is. Agter die gedreun van oorlogsmasjiene en die grootpraterij van politici hoor jy reeds die terugkerende voetstappe van jou hemelse Bruidegom!

In so 'n opwindende tyd is dit veral nodig om seker te wees van jou kindskap van God en jou behorendheid tot die klein skare van uitverkore heiliges wat hulle Here op die gewyde pad na Sion inwag. Jy wil nie graag in hierdie tyd in jou drome gekwel word deur die wet van Moses wat met 'n streng vinger na jou wys en jou veroordeel omdat jy nie aan sy regverdige eise kan voldoen nie.

Daarom is dit verkwikkend om te luister na die jubelende verklaring van Paulus in vers 1: “Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie!” Dit is die sentrale stelling in hierdie hoofstuk, en ja ... dit geld ook vir jǒú! “Maar”, kan iemand miskien vra, “wat van die wet wat aanhou om my onbeholpenheid en mislukkings meedoënloos oop te vlek?” Paulus antwoord: Ons is bevry van die aanklagte van die wet, want “die wet van die Gees wat aan jou in Christus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.”

Hoor jy die blye evangelie? Wat die wet nie kon doen nie, het God gedoen toe Hy sy Seun laat Mens word het om in ons plek gestraf te word en met sy volmaakte gehoorsaamheid namens jou aan al die eise van die wet te voldoen. Nou is jy nie meer onder die (aanklag van die) wet nie, maar onder die (vryspraak van die) genade wat God om Christus wil aan jou bedien.

Maak seker dat mense elke dag nóg duideliker kan sien hoe lief jy jou Verlosser het en hoe Hy déúr sy Gees triomfantelik in jou leef! (Gal. 2:20).

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2

Ds. JJ (Koo) Cloete (Hermanus)